13.7 RAPPORT 7: BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO AAN DIE LEDE VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO: OUDITKOMITEE (Artt 212, 258)

A. Die Sinode konstitueer as ledevergadering.
B. Br LJ Kruger lewer die Rapport.
C. **Besluit:** Punt 4 word verwys na die Kommissie vir Finansies vir formulering.
D. Ds J van Schaik rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.

E. **RAPPORT**

1. Opdrag

Om die riglyne wat deur die Kingverslag daargestel is uit te voer, sodat deursigtigheid met die finansiële verslagdoening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bewerkstellig en uitgebou kan word.

Besluit: Kennis geneem.

2. Uitvoering

2.1 Die Ouditkomitee het na afloop van die 2012, 2013 en 2014 oudits saam met die ouditeure vergader waartydens die finansiële state van die Administratiewe Buro, SDDS, Personeel- en Predikante Pensioenfonds, EVT en al die ander fondsstate bespreek en oorweeg is. Daar is indringende vrae gevra oor die inhoud, aanbieding en algemene stand van die finansies. Navraag is ook gedoen na die vlak van bevoegdheid van die personeel asook die samewerking wat die ouditeure van die Bestuur en die personeel van die Administratiewe Buro ontvang het.

2.2 Navraag is aan die ouditeure en aan die Bestuur van die Administratiewe Buro en die verskeie ander vertakkinge oor die interne beheermaatreëls, die toepaslikheid daarvan asook die uitvoering wat daaraan gegee word. In al die gevalle is gerapporteer dat die maatreëls in plek is en dat daar deurlopend uitvoering daaraan gegee word.

2.3 Navraag is ook aan die ouditeure gerig om te bepaal of daar enige beperkings op hulle geplaas is in die uitvoering van hulle oudit. Geen beperkings is op die ouditeure geplaas met die uitvoering van hulle onderskeie oudits nie.

2.4 Daar is voortdurend aandag gegee aan openbaarmaking in die onderskeie Finansiële State en is daar telkens aanbevelings gedoen oor hoe die openbaarmaking verbeter kan word.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.4 kennis geneem.

3. Bevinding

Ons is van mening dat die finansiële state van die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en al die ander finansiële state hierbo na verwys, wel voldoen aan die openbaarmaking vereistes soos gestel en dat die riglyne soos gestel deur die Kingverslag nagekom is en dat daar geen beperking op die ouditeure gelê is tydens die uitvoering van hulle pligte as ouditeure nie.

Besluit: Kennis geneem.

4. Aanbevelings

4.1 Die Sinode gee indringend aandag aan die feit dat die agterstallige ramings sedert die vorige Sinode vanaf R11 902 124 na R13 676 108 toegeneem het. Hierdie toename van 14.9% is ten spyte van rapport dat daar verskeie groot agterstallige bedrae wel ingevorder is.

4.2 Die Sinode gee indringend aandag aan die feit dat boekevoorrade oor die algemeen baie oud is. Maniere moet gevind word om hierdie ou voorraad op ‘n ordelike manier te verhandel.

4.3 Die Sinode stel maatreëls daar wat sal verseker dat gemeentes hulle verpligtinge teenoor die breë kerkverband nakom.
4.4 Die Sinode stel maatreëls inwerking om die tekorte wat daar op die Kruispadfonds, Studentekas Hulpfonds, GKSA Mediese versorgingsfonds en Gee Jaar-fondse bestaan, uit te wis.
4.5 Die Sinode die bestaande Ouditkomiteelede na ‘n dienstydperk van twaalf jaar van hulle verpligtinge onthef.
4.6 Daar weer ‘n Ouditkomitee deur die Sinode aangewys word, wat bestaan uit jong kundige broeders wat in die openbare praktyk staan.
4.7 Die Sinode hom sal vergewis van die vereistes wat aan die lede van ‘n Ouditkomitee gestel word in terme van die King 3-verslag.

Besluit: Punt 4 word verwys na die Kommissie Finansies vir formulering.

F. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. Opdrag

Aanbevelings by 13.7, pt 4.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die ledevergadering van die Administratiewe Buro kennis neem

2.1 Die saak van bespreking by hierdie Rapport het gehandel daaroor of dit ‘n saak vir die Algemene Sinode is of vir die Ledevergadering vir die lede van die Adminstratiewe Buro.
2.1.1 Die Rapport is bestem vir die **Lede van die Adminstratiewe Buro**.
2.1.2 Ons wys na die “Reglement van die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika”: *“5.1 Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, is lede van die Administratiewe Buro en word dit by stigting van sodanige kerke. 5.2 Die gedeputeerdes van lede wat in die Algemene Sinode sitting het, kom by elke Algemene Sinode in Ledevergadering byeen.”*
2.1.3 Vervang “Sinode” in die Rapport se aanbevelings met “Lede van die Administratiewe Buro”.

4. Aanbevelings (Rapport).

4.1 Die **lede van die Administratiewe Buro ~~Sinode~~** gee indringend aandag aan die feit dat die agterstallige ramings sedert die vorige Sinode vanaf R11 902 124 na R13 676 108 toegeneem het. Hierdie toename van 14.9% is ten spyte van Rapport dat daar verskeie groot agterstallige bedrae wel ingevorder is.

4.2 Die **lede van die Administratiewe Buro ~~Sinode~~** gee indringend aandag aan die feit dat boekevoorrade oor die algemeen baie oud is. Maniere moet gevind word om hierdie ou voorraad op ‘n ordelike manier te verhandel.

4.3 Die **lede van die Administratiewe Buro ~~Sinode~~** stel maatreëls daar wat sal verseker dat gemeentes hulle verpligtinge teenoor die breë kerkverband nakom.

4.4 Die **lede van die Administratiewe Buro ~~Sinode~~** stel maatreëls inwerking om die tekorte wat daar op die Kruispadfonds, Studentekas Hulpfonds, GKSA Mediese versorgingsfonds en Gee Jaar-fondse bestaan, uit te wis.

4.5 Die **lede van die Administratiewe Buro ~~Sinode~~** die bestaande Ouditkomiteelede na ‘n dienstydperk van twaalf jaar van hulle verpligtinge onthef.

4.6 Daar weer ‘n Ouditkomitee deur die **lede van die Administratiewe Buro ~~Sinode~~** aangewys word, wat bestaan uit jong kundige broeders wat in die openbare praktyk staan.

4.7 Die **lede van die Administratiewe Buro ~~Sinode~~** hom sal vergewis van die vereistes wat aan die lede van ‘n Ouditkomitee gestel word in terme van die King 3-verslag.

2.2 *Oor 4.1 ten opsigte van agterstallige ramings*
2.2.1 Die ledevergadering van die Administratiewe Buro het dit reeds breedvoerig bespreek.
2.2.2 Dit word reeds deur die Administratiewe Buro hanteer.

2.3 *Oor 4.2 ten opsigte van boekvoorrade wat oud is*
2.3.1 Dit word reeds deur die Admin Buro hanteer.
2.4 *Oor 4.3 ten op sigte van maatreëls dat gemeentes verpligtinge nakom*
2.4.1 Bestaande maatreëls
2.4.1.1 Elke gemeente ontvang gereeld hul ramingsrekening.
2.4.1.2 Rapport oor ramings by Klassis en Streeksinodevergaderings.
2.4.1.2.1 Hanteer die saak egter as ‘n saak vir die **lede van die Administratiewe Buro.**
2.4.1.2.2 Ons bevestig dat ook aan elke Klassis en Streeksinodevergadering gestuur word.
2.4.1.2.3 Ons versoek die meerdere vergaderings weereens om ‘n staande punt op hulle Agendas te plaas oor ramings.
2.4.1.2.4 Die doelwit is om agterstallige ramings te bespreek en broederlike hulp deur sodanige vergaderings aan die gemeente / lede van die Administratiewe Buro te verleen.
2.4.2 Die hele saak van ramings word terug verwys na die Bestuur van die Administratiewe Buro en die GKSA Skakeldeputate.
2.4.2.1 Die aanbeveling word gemaak dat die GKSA Skakeldeputate, wat saamgestel is uit die 7 Streeksinodes, die onderskeie Klassisse ook versoek om Skakeldeputate aan te wys.
2.4.2.2 Die opdrag van die Skakeldeputate tot op Klassisvlak se taak is dan onder andere om Kerkrade en lidmate te wys op ‘n positiewe gesindheid teenoor ramings.
2.5 *Oor 4.4 ten opsigte van tekorte by verskeie fondse wat uitgewis word*
2.5.1 Dit word reeds deur die Administratiewe Buro hanteer en daar is reeds hieroor gerapporteer.
2.6 *Oor 4.5 en 4.6 ten opsigte van die Ouditkomiteelede se dienstydperk en die aanwys van ‘n nuwe Ouditkomitee*
2.6.1 Die huidige Ouditkomitee het self aanbeveel dat hulle self nie weer aangewys word vir die taak nie.
2.6.2 Die Kommissie vir die aanwys van Deputate het reeds nuwe lede vir die Ouditkomitee aangewys.
2.6.3 Die vergadering wil graag hul dank betoon aan die uittredende Ouditkomitee wat die taak vir die afgelope 12 jaar met onderskeiding verrig het.
2.7 *Oor 4.7 insake die King 3 verslag*
2.7.1 Die Bestuur van die Administratiewe Buro sien inderdaad toe dat voldoen word aan die inhoud van die King 3 verslag.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.7.1 kennis geneem.

3. Sake waaroor die vergadering van die Lede van die Administratiewe Buro besluit

3.1 Oor 2.1.3, aanvaar die regstelling in die Rapport, waar “Sinode” vervang word met “die Lede van die Administratiewe Buro”.
3.2 Die GKSA Skakeldeputate versoek die onderskeie Klassisse in die Streeksinodes, om ook Skakeldeputate aan te wys.
3.2.1 Die opdrag van die Klassisse Skakeldeputate sal onder andere wees om behulpsaam te wees met die hantering van agterstallige ramings.
3.3 Die Sinode betuig hul dank aan die uittredende Ouditkomitee wat die taak vir die afgelope 12 jaar verrig het.
3.4 Dat aan die vereistes van die King 3 verslag voldoen word.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.4 goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).